

10 Januarie

Skrifgedeelte: Galasiërs 5:14-26

Fokusgedeelte: Galasiërs 5:15, 22, 24 (OAV)

Deur die kruis word die liefde van die Gees gebore

Menseverhoudings is in 'n gehawende toestand. Mense maak oorlog, vermoor en haat mekaar. Die heidense wysgeer Seneca het eenmaal geskryf dat die een mens vir die ander soos 'n wolf is. Daarmee het hy bedoel dat mense daarop uit is om mekaar te vernietig. So sien menseverhoudings daar uit in die wêreld.

Hoe lyk die verhouding tussen mense in die kerk? Helaas, dikwels nie veel beter nie.

Paulus het in die gemeente van Galasië presies ervaar wat Seneca geskryf het. In Galasiërs 5:15 skryf hy: "As julle mekaar byt en opeet, pas op dat julle nie die een deur die ander verteer word nie." Dit is glad nie 'n mooi beeld van dié kerk nie: lidmate wat mekaar soos wilde diere aanval, verskeur en verslind – soos die wolwe van Seneca.

Ons moet goed oplet! Paulus maak die werk van die Heilige Gees nie los van die werk van Christus aan die kruis nie. Inteendeel, in vers 24 lê hy 'n noue verband tussen die werk van die Gees en die werk van Christus, tussen Gees en Woord, wanneer hy sê:

"Maar die wat aan Christus behoort, het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig." Die vlees met sy hartstogte is die wolf, die ou mens in ons, die mens sonder liefde. Aan die kruis gebeur iets met die haatmens in ons. Ons is saam met Christus gekruisig (Rom 6:6). Die kruis van Golgota is die sterfbed van ons ou mens.

Die kruisoffer is die geheim van 'n lewe van liefde. Die Heilige Gees bind ons deur die geloof aan die offer van ons Here Jesus Christus. Deur hierdie offer word ons lewe een van opoffering vir mekaar. Die vrug van die Gees, die offer van liefde vir mekaar, ontspring op die bodem van Golgota. Kruisoffer lei tot dankoffer, kruisoffer bring offervaardigheid. Dit is die een offer op die ander.

Dr AH Bogaards (Daniëlskuil/Delportshoop)